



Wees daardie één vandag...

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Die krag van een vriendskaplike glimlag, een brandende kers, een omgee-aanraking, een nuut geplante boom, een klokhelder lag, een enkele bemoedigende woord, of een helpende hand, gaan nie die wêreld oornag verander nie, maar dit gaan die manier waarop jy leef verander en 'n impak maak waar jy die geleentheid kry om iemand anders se lewe aan te raak met jou een gebaar van welwillendheid.

Ons het gawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. Ons moet hierdie vermoëns reg gebruik. As God aan jou die gawe gegee het om te profeteer, moet jy dit aanwend in ooreenstemming met ons geloofsoortuigings. As dit is om ander te dien, doen dit met oorgawe. As jy onderrig gee, gee dan kwaliteitonderrig. As dit is om ander op te beur, lê jou daarop toe. As jy materiële ondersteuning kan gee, doen dit sonder bymotiewe. As God aan jou leierseienskappe gegee het, hanteer dit met toewyding. En as jy die gawe het om ander in hulle nood by te staan, doen dit met 'n vrolike hart. (Rom 12: 6-8, NLV)

Ons almal het al êrens in ons lewe moeilike tye beleef en moes uitdagings trotseer. Ons het daardie één persoon nodig gehad wat vir ons 'n brug was, of ons was self die brug vir iemand anders. Daar was tye wanneer ons daardie één persoon se helpende hand geneem het vir hulp, of ons was daardie één persoon wat ons hulp aangebied het. Die een hand wat hulp gee, is net so belangrik soos die ander hand wat hulp neem.

Oktober staan ook bekend as Bewustheidsmaand vir Geestesgesondheid. Hierdie bewusmaking lê nie net die klem op ander mense se geestesgesondheid nie, maar ook op jou eie. Die NHSV het in die afgelope vier uitgawes van *Vroueflitse* artikels geplaas oor geestesgesondheid en die verskillende fasette daarvan. Lees dit gerus by <https://nhsv.org.za/publikasies/>.

God het aan ons elkeen gawes gegee wat van mekaar verskil en waarmee ons daardie één persoon kan wees wat vir iemand leiding kan gee, kan onderrig, in nood kan help, by kan staan in moeilike tye en ander kan dien. Die NHSV se leuse *Wees 'n seën* beteken nie net om diensbaar te wees in die Kerk en by die NHSV nie, maar ook om daardie één persoon te wees wat 'n verskil in 'n ander se lewe kan beteken.

Die positiewe energie wat jy uitstraal, trek mense na jou toe aan. Wanneer jy ander se respek wil verdien, tree dan op met respek teenoor hulle. Wanneer jy eerlikheid verwag, wees eerlik in dit wat jy doen. Wees jy 'n refleksie van wat jy graag in ander wil sien. Wees jy die één wat jou hulp aanbied, maar wees ook bedag daarop wanneer jy die hulp moet aanvaar wat vir jou aangebied word.

Een glimlag kan die begin van 'n vriendskap wees.

Een kers kan die donker uitwis.

Een aanraking kan wys jy gee om.

Een boom kan die begin wees van 'n woud.

Een lag kan die gemoedere ophelder.

Een woord kan die doel omskryf.

Een helpende hand kan iemand hoop gee.

Een persoon kan die verskil maak.

Wees daardie één vandag...

Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 8 Oktober 2021, en word hartlik geluk gewens:**

- Saterdag 2 Oktober: Ds CJ (Charel) van der Berg (64) (Pietermaritzburg)
- Maandag 4 Oktober: Di SA (Schalk) Kok (55) (Potchefstroom-Noord) en AC (Anel) Boshoff (26) (beroepafwagend)
- Dinsdag 5 Oktober: Ds L (Leon) Janse van Rensburg (54) (Namibkus)
- Woensdag 6 Oktober: Di E (Etienne) Verhage (68) (emeritus) en PF (Frikkie) Viljoen (66) (emeritus/Centurion-Oos)
- Donderdag 7 Oktober: Dr PJ (Paul) de Beer (82) (emeritus) en ds S (Steve) Oxtan (34) (Wapadrant)
- Vrydag 8 Oktober: Prof JD (John) Gericke (80) (emeritus/Setlaars) en dr WA (Willie) Strydom (60) (Eikenhof/Johannesburg-Suid)

Gemeentes en bediening

- **Ds SW (Schalk) Zastron** (Goudveld/Kroonstad) het die beroep na Ermelo aanvaar. Sy werkopdrag daar begin op 1 Januarie 2022.
- **VAKATURE: Finansiële Beampte: NHKA Gemeente Pretoria-Oos.** Die pos behels die uitvoering van voorgestelde prosedures ten opsigte van ontvangs van gelde, korrekte prosessering, uitbetaling en bank van gelde, uitbetaling van salarisse, opstel van finansiële state en alle administrasie rakende finansies soos beskryf in die pligstaat.

Pligte


- Ontvangs en kontrolering van gelde, uitreiking van kwitansies en opmaak daarvan vir bank.
- Bestuur van die debietorderstelsel.
- Uitbetalings aan krediteure en bestuur van kleinkas, kredietkaart en Zapper.
- Uitbetaling en administrasie van salarisse en werkloosheidsversekering.
- Administrasie van maandelikse offergawes.
- Verantwoordelik vir die aankopestelsel in die kantoor.
- Verantwoordelik vir uitvoering en administrasie van jaarlikse begroting en ouditinligting.
- Opstel van maandelikse finansiële state.
- Finansiële verslaglewering aan gemeentebestuurder, kassier, finansiële kommissie en kerkraad.
- Verantwoordelik vir alle administrasie rakende finansies soos beskryf in die pligstaat.
- Op datum hou van bateregister-, gedenkmuur- en versekeringadministrasie.

Minimumvereistes

- MINSTENS drie jaar bewese ondervinding van toepaslike finansiële werk (VERAL met rekenaargebaseerde boekhouprogramme).
- Graad 12-skoolopleiding (naskoolse finansiële kwalifikasie word aanbeveel).
- Rekenaarvaardigheid in Microsoft Office en boekhouprogramme (SAGE 1 as aanbeveling).
- Toegewyde, deeglike en dinamiese persoon wat goed saam met ander in 'n span kan werk, maar wat selfgedisiplineerd kan funksioneer.
- Geaardheid wat die hart van 'n gemeente van Christus kan uitdra.
- Goeie werksetiek en interpersoonlike verhoudings.
- Die persoon moet 'n lidmaat van die gemeente wees of bereid wees om lidmaat te word.

Dit is 'n halfdagpos (08:00-13:00), met onderhandeling vir 'n 4- of 5-dag-werksweek, en die salaris is onderhewig aan die kwalifikasies en ondervinding van die kandidaat, en onderhewig aan die begroting van die gemeente.

Aansoeke met 'n gepaardgaande CV (met foto) kan ingedien word by die gemeentelike kerkkantoor, of per e-pos (gerdavdm2@gmail.com) voor of op 1 Oktober 2021. 'n Kortlys



Ds Schalk Zastron

van kandidate sal opgestel word en vir onderhoude genooi word ná 15 September 2021.
Diensaanvaarding: 1 November 2021.

Vir enige navrae, skakel Gerda van der Merwe gedurende oggendure by 082 575 1979.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Rustenburg-Suid.** Aansoeke word ingewag van 'n gelegitimeerde predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk vir die werkruiimte van hierdie gemeente wat op 1 Desember 2021 vakant sal raak.

Gemeenteprofiel

Gemeente Rustenburg-Suid is een van vier Hervormde gemeentes in Rustenburg en bestaan sedert 1957. Die sieletal van die gemeente is sowat 850, waarvan 550 belydende lidmate is. Die ouderdomsgroepering van die gemeente is redelik verspreid met die grootste aantal lidmate in die groep bo 40. Daar is twee tehuise vir bejaardes binne die gemeentegrense wat nie deur die gemeente bedryf word nie, maar waar 'n aantal lidmate woonagtig is. Die gemeente beskik oor 'n doelmatige kompleks bestaande uit 'n kerkgebou, saal met kombuis en kategeselokale. Die gemeente beskik ook oor 'n ingerigte slaghuis op die kerkterrein wat op 'n semi-voltydse basis bedryf word ter stywing van fondse. Die gemeente beskik oor 'n ruim vierslaapkamerpastorie met 'n swembad en gevestigde tuin op die kerkterrein.

Profiel van die ideale leraar

Moet verkieslik in die ouderdomsgroep 30 tot 50 val of so na moontlik daaraan. Moet die bediening in die gemeente dinamies maar Skrifgetrou en verstaanbaar vir alle ouderdomsgroepe kan hanteer. Moet vernuwend en sinvol met die liturgie in eredienste omgaan. Moet 'n aanvoeling vir gemeentesang asook musiek in eredienste hê. Moet sinvol as deel van 'n bestuurspan kan funksioneer. Sy of haar gade moet aktief by die gemeente se wel en wee betrokke wees. Daar kan van die aansoeker verwag word om tydens die gemeente se vakante tydperk 'n erediens in die gemeente teen die normale vergoeding waar te neem.

Posbeskrywing

Dit is 'n voltydse werkruiimte met verantwoordelikhede soos in die Kerkorde omskryf. Vergoeding, reiskoste, mediese fonds en pensioen sal volgens die voorgeskrewe skale en die Kerkorde se voorskrifte hanteer word met inagneming van die leraar se aantal jare diens. Daar sal van die leraar verwag word om die pastorie op die kerkterrein gratis te bewoon en gratis munisipale dienste en 'n landlyntelefoon sal verskaf word. 'n Huishulp is beskikbaar wat twee dae per week, op die koste van die Kerkraad, tot die pastorie se beskikking is.

Aansoeke

Aansoeke sluit op 16 Oktober 2021. Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV en gestuur word aan die Sekretariële Beampte, nhrbsuid@gmail.com. Verdere inligting kan bekom word by Dawie Smith (082 484 4955). Die Kerkraad behou die reg voor om nie een van die aansoekers te beroep nie, of 'n leraar wat nie aansoek gedoen het nie, uit te nooi om 'n CV aan die Kerkraad te stuur vir oorweging vir die vulling van die vakature.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentevoertuig.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word na njssteenekamp@gmail.com.

Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenkamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Vergaderings

- Vrydag 1 Oktober: Oudit- en Risikokomitee

Kerklike publikasies

- In die **Oktober 2021-uitgawe van *Die Hervormer*** skryf **dr Tanya van Wyk** dat, te midde van die draai van seisoene en 'n hernude kans op 'n nuwe begin, 'n groen etiek deel is van 'n onvoltooide reformatie – en herwinning is deel van 'n Christelike leefwyse. **Ds Willem Sauer** wys ons op ons verantwoordelikheid om 'n positiewe bydrae te lewer ten opsigte van die skepping en die samelewing waarvan ons deel is. **Prof Ernest van Eck** benadruk dat ons optrede tydens die pandemie wys of en hoe ons ons naaste liefhet. **Dr Martin Jansen van Rensburg** vertel hoe die gemeenskap van Delmas hande gevat en 'n daadwerklike verskil in hul gemeenskap gemaak het. **Dr Kobus Labuschagne** kyk terug op die Kerkhervorming en Martin Luther se optrede in 1517, en vra: *Kan gelowiges getrou aan Christus en sy Koninkryk werklik anders as nonkonformisties in hierdie wêreld wees?* Lees ook Deel 1 van **ds C Johann de Bruin** se twee-deel-artikel oor Jopie Fourie en interessante inligting oor die huidige Bybelverspreidingsprojekte van die **Bybelgenootskap**. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en 'n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes gestuur.



Bybelse Dagboek / Almanak 2021
Nou net R100 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting
oor die Hervormde Kerk
én 'n inspirerende Bybelse
dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

- Enige lidmaat wat beplan om **van Suid-Afrika na die ring van Dorsland** te reis (gemeentes Gobabis, Otjiwarongo, Grootfontein, Outjo, Windhoek, Tsumeb, Namibkus of Namib-Suid), kan gerus met **mev Sarie Roux** van die Boekwinkel in verbinding tree by boekwinkel@nhk.co.za. Ons ondervind tans uitvoerprobleme, en sy wil graag boeke na die gemeentes saamstuur.

Die Jona-kompleks

Nuwe Bybelstudiegids deur ds Neels van Tonder

Ontdek die verhaal van Jona soos jy dit nog nie verstaan het nie. Gebaseer op die jongste navorsing en met talle nuwe ontdekkings. Handige sleutel vir Bybelstudie en preke. 36 boeiende en inspirerende hoofstukke.

158 bladsye
R150 (plus versendingskoste)
Bestellings en navrae: 072 633 3367 of nvtonder@vodamail.co.za



Toerusting

- Die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB) het die afgelope 24 maande 'n ontwikkelingsentrum (**Ontwikkelingsprogram vir Predikante**) gevestig waar die NHKA na die voortgesette ontwikkeling van predikante omsien. Predikante moet te alle tye bewus wees van die omvang van die bediening (*scope of practice*). Die steeds veranderende landskap noop die predikant om sy/haar bekwaamhede voortdurend aan te pas en te ontwikkel om die volledige spektrum van dienswerk te behartig. Daarby is dit van kritieke belang dat die predikante in alles waarmee hulle besig is, genoeg lewensvreugde sal ervaar om hul roeping uit te voer.

Die **opleiding van die begeleiers** het vir eers op Dinsdag 21 September te Wellington tot 'n einde gekom. Die span is volledig toegerus om elkeen wat hierdie ontwikkelingsentrum bywoon, die geleentheid te bied om binne 'n emosioneel veilige en vertroulike ruimte beroepsgerigte evaluering te ondergaan wat daarop gerig is om ontwikkeling en groei te fasiliteer. **Op die foto** is die begeleiers van die NHKA se ontwikkelingsentrum: van links na regs dr André Ungerer, dr Frikkie Labuschagne, dr Annelie Botha, ds Jimmy Manders, dr Christo van der Merwe, ds Thomas Dreyer, ds Lisa-Mari Prinsloo, mev Elna Esterhuizen, dr Rudy Denton en dr Thinus van Staden.



Die SGB ondersteun en ontwikkel die onderskeie bekwaamhede met verskeie kursusse en intervensies wat deurlopend aangebied en aangepas word. **Die heel eerste program word van 9 tot 11 November 2021 te Venterskroon aangebied.** Kontak asseblief vir dr Frikkie Labuschagne (koördineerder van die program) by **082 873 6557** of **frikkie@nhk.co.za**, of vir mev Karen Breedt by **karen@nhk.co.za** om u plek te verseker.

- Staan u dikwels voor 'n getraumatiseerde lidmaat en wens u weet hoe om werklik van hulp te wees? Kom woon 'n **TIR (Traumatic Incident Reduction) Werkswinkel** by en kom leer iets van Jesaja 50: 4: *Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre laat Hy my opnuut weer luister.*

Datum: 16-19 Oktober

Plek: Pretoria

Koste: R5 000

Besoek **yvonneretief.weebly.com** of kontak Yvonne by **retief.yvonne@gmail.com**.

'n Gedig

Ou vrou in die hospitaal

Asof 'n valluik oopgeruk is, stort
sy uit haar selfgeskepte, bont roetine
– konserte, lesings, brug-speel met vriendinne –
na 'n vaal wêreld waar sy voorwerp word.
Gister, eergister was die week te kort
vir al haar doen en late. Uur op uur
leer sy nou tyd se perkloosheid verduur,
wonder sy angsbevange wat kan skort
dat haar vertroude liggaam – elke pyn
bekend – vyandig is en vol venyn;
skuiwe sy loodswaar woorde oor 'n trae
tong, maar kry geen antwoord op haar vrae.
Gesondes kuier, troos haar, draai die rug.
Hoe, smeeke haar oë, keer sy ooit weer terug?

Olga Kirsch

(Uit: *Nou spreek ek weer bekendes aan:*
'n keur 1944-1983, 1994)

Barmhartigheid

- **Zoom-gesprek: Dinsdag 5 Oktober om 19:00**
Die kerk se rol in gemeenskapsontwikkeling
Aanbieder: Hannes Noëth (Helpende Hand)
Navrae: Andries Pretorius
081 466 8691 / diens@diakens.co.za



- **Rata Maatskaplike Dienste se Drive for a Child-gholfdag** vind op **26 Oktober 2021** by Silver Lakes-gholfbaan in Pretoria plaas. Die fondse wat ingesamel word, is ten bate van elke kind wat tans deur Rata ondersteun en gehelp word.
Koste: R4 400 (Vierbal) – gholfskarretjies, halfweghuisete, aandete, *goodie bags* ingesluit
Putjieborg: R2 500
Vierbal met putjieborg ingesluit: R5 500
Navrae: Charmaine Fourie charmaine@rata.org.za / 071 684 7796

- **NHSV Beurse en lenings 2022.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan [hier](#) afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November 2021.**

- **Athalia Uitrek in Bloemfontein**
Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes
Enkel- en deekamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
Verblyf met 3 etes ingesluit
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
24-uur-versorging onderhandelbaar
(maksimum R8 000 per maand deekamer)
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
navrae@athalia.co.za
www.athalia.co.za

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste vir advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

Heer,
help my om staande te bly
wanneer dit voel asof ek gaan val;
help my om voort te gaan
wanneer dit voel asof ek geen enkele tree verder kan gee nie.
Lei my sagkens in die rigting waarin ek moet gaan.
Lei my na 'n plek van vrede en geborgenheid.
Selfs nou terwyl die wêreld om my in beroering is,
bring my nader aan U.
Amen.

www.happierhuman.com/prayers-anxiety/

(Afrikaanse weergawe: Tessa Oppermaan)